Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

15 Maart 2024 Uitgawe: 9/1/2024

## UIT DIE KANTOOR

So kom ons aan die einde van 'n vinnige en besige eerste kwartaal. Baie geluk aan ons kinders wat op verskeie terreine baie mooi presteer het. Die toetsweek is ook afgehandel en die kinders verdien almal 'n ruskans.

Daar is egter heelwat aktiwiteite wat gedurende die vakansie plaasvind. Baie sterkte aan al ons deelnemers wat op verskeie terreine die skool gaan verteenwoordig die vakansie. Ek verwys o.a. na die SA atletiekbyeenkoms waar vier van ons atlete gaan deelneem.

Verder begin die ITEC Netbaltoernooi volgende week en is die o/10 & o/11 netbalspanne reeds hierdie naweek betrokke by 'n toernooi in Potchefstroom. Volgende week Woensdag vertrek die o/11 en o/13 rugbyspanne vir hul toernooi in Klerksdorp en in die vakansie neem die o/9 rugbyspannetjie deel aan 'n toernooi in Welkom. Die o/12A & o/13A netbalspanne vertrek ook na Gauteng waar hul by H/S Menlopark ons naam hoog gaan hou. Baie sterkte aan al hierdie spanne.

Sowaar 'n bedrywige tydjie wat voorlê. Ons hou vir jul styf duime vas.

Hierdie is die laaste weekblad van die kwartaal. Gun my dus die geleentheid om elke ouer te bedank vir u ondersteuning die kwartaal. Geniet die rustydjie saam met u gesin en mag ons nie vergeet dat ons Hemelse Vader vir ons aan die kruis gesterf het om ons sondes op Hom te dra nie. Mag u en u gesin ook gedurende Paasfees Sy liefde en teenwoordigheid ervaar.

## ANDER


So neem ons afskeid van mnr. Jannie Oosthuizen na 40 jaar in die onderwys waarvan hy 35 jaar by Tjokkies werksaam was. Hierdie geliefde onnie laat beslis 'n gat in die harte van nie net kollegas nie, maar ook by oud-Tjokkies, ouers en leerders.

Hy het as vakbondverteenwoordiger by die SAOU ook waardevolle bydraes in sy loopbaan gemaak.

Mnr. Jannie, baie dankie vir soveel jare se getroue diens aan Tjokkies en aan die onderwys. Oor jou kwinkslae gaan daar nog baie gepraat word.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 15 Mrt.: | o/10 & o/11 Netbaltoernooi te Potchefstroom |
| | MMC Krieketproewe |
| | Pre-Primêre Tjokkie Sokkie |
| | Skaakliga (WP) |
| 16 Mrt.: | o/10 & o/11 Netbaltoernooi te Potchefstroom |
| | Skaakliga (WP) |
| 18 Mrt.: | ITEC Netbaltoernooi (o/10 -o/13) |
| 19 Mrt.: | Opelug fliekaand |
| | Konstitueringsvergadering van nuwe Beheerliggaam |
| 20 Mrt.: | Kosh rugbytoernooi (o/11 & o/13) |
| | Skool sluit om 10:00 |
| 21 Mrt.: | Menseregtedag |
| 24/26 Mrt.: | SA Atletiekkampioenskappe |
| 25-28 Mrt.: | Menlo Netbaltoernooi (o/12 & o/13) |
| 27-28 Mrt.: | o/9 Rugbytoernooi (Welkom) |
| 29 Mrt.-1 April: | Paasnaweek |
| 3 April: | Skool open normale tyd |



# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 16 Mrt.: | Mnr. Elrico Greyvenstein (IT) |
| 3 April: | Juf. Carli Wessels (Gr. 2) |

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

# REDENAARS

## REDENAARS

**Uitslae van ons interne redenaars op 14 Maart 2024**



**Graad 6:**

**1ste plek** *Emma Groenewald*
**2de plek** *Juwan van Rooyen*
**3de plek** *Mia Boshoff*

**Graad 7:**

**1ste plek** *Pieter Viviers*
**2de plek** *Tehila de Bruyn*
**3de plek** *Velè Langenhoven*

**BAIE GELUK!**

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Maak hierdie *Paastyd* 'n verskil met jou **MySchool MyVillage MyPlanet kaart**.

Gebruik jou kaart met elke aankoop van paasfeesgunstelinge by Woolies 🐇🥚🍫

Nog nie 'n MySchool kaart nie?

🌈 Sluit aan by https://www.myschool.co.za/portal/register of laai die gratis MySchool App af en kies Universitas Primêre Skool, as jou begunstigde.

**BAIE DANKIE**, so kan elke ouer help met die uitbreiding van ons sportgronde, **SAAM** MAAK ONS '**N GROTER VERSKIL** in 2024!



# SNUFFELS



BLOEMFONTEIN MOTORS
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein | www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174




A GOAL WITHOUT A PLAN IS JUST A WISH
– Antoine de Saint-Exupéry
Do you have financial goals?
ATON
WEALTH NAVIGATION
Authorized Financial Services Provider. FSP # 48449
T +27 51 430 0302
C +27 82 903 4582
E horace@atonwealth.com
Specialised Investment Services


Art of Thea
Kinderkuns
Die skoolvakansie is om die draai...
Tydens elke klas word daar 'n kunswerk voltooi. Koste is R120 per klas of R100 per klas indien u kind al 3 klasse gaan bywoon. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.
Thea de Necker is 'n gekwalifiseerde grondslag fase onderwyseres wat die afgelope 6 jaar voltyds skilder. Besoek gerus haar facebook blad by Art of Thea of Instagram blad by @theakuns.
Die kunsklasse sal by die @Tjokkies Sentrum plaasvind wat net oorkant Tjokkies se rugbyveld is. Daar is 'n area vir ouers wat daar wil werk of wag tydens die klas, anders is U welkom om u kind af te laai en weer na die tyd op te tel.
KINDERS VANAF 6 JAAR
@Tjokkies Sentrum
2 Louis bok straat Universitas
11:00–12:30
R120 per klas
MAANDAG
25 Maart
DINSDAG
26 Maart
WOENSDAG
27 Maart
Bespreek by Thea - 084 842 5056